BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

20c — Dinsdag 14 November 1978 — WINDHOEK — Tuesday 14 November 1978 — No. 3861

INHOUD:

Bladsy

**PROKLAMASIE:**

No. AG. 78 Proklamasie op Onttrekkings uit die Owambo-inkomstefonds, 1978 — 1

CONTENTS:

Page

**PROCLAMATION:**

No. AG. 78 Owambo Revenue Fund Withdrawals Proclamation, 1978 — 1

## PROKLAMASIE

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

*(Deur die Staatspresident goedgekeur op 10 November 1978)*

No. AG. 78 — 1978

SPESIALE MAGTIGING VIR ONTTREKKINGS UIT INKOMSTEFONDS VAN OWAMBO TEN OPSIGTE VAN 1978/79-BOEKJAAR

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

M. T. STEYN
Administrateur-generaal — Windhoek, 11 November 1978

BYLAE

*Spesiale magtiging vir onttrekkings uit Inkomstefonds van Owambo ten opsigte van 1978/79-boekjaar*

1. (1) Ondanks die bepalings van artikel 17L van die Wet op die Ontwikkeling van Selfbestuur vir Naturellevolke in Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 54 van 1968), en behoudens die bepalings van subartikel (2) van hierdie artikel, kan daar ten opsigte van die boekjaar wat op 1

## PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

*(Approved by the State President on 10 November 1978)*

No. AG. 78 — 1978

SPECIAL AUTHORIZATION FOR WITHDRAWALS FROM REVENUE FUND OF OWAMBO IN RESPECT OF 1978/79 FINANCIAL YEAR

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

M. T. STEYN
Administrator-General — Windhoek, 11 November 1978

SCHEDULE

*Special authorization for withdrawals from Revenue Fund of Owambo in respect of 1978/79 financial year*

1. (1) Notwithstanding the provisions of section 17L of the Development of Self-government for Native Nations in South West Africa Act, 1968 (Act 54 of 1968), and subject to the provisions of subsection (2) of this section, moneys may be withdrawn from the

April 1978 'n aanvang geneem het, geld uit die Inkomstefonds van Owambo onttrek word sonder 'n bewilliging by wet soos in genoemde artikel 17L beoog, tot tyd en wyl so 'n bewilliging gemaak is maar in elk geval nie na 30 November 1978 nie.

(2) Geen geld mag kragtens subartikel (1) uit genoemde Inkomstefonds onttrek word nie tensy die onttrekking ingevolge die bewilligings beoog in die begrotingswetsontwerp wat op 3 Mei 1978 ten opsigte van genoemde boekjaar deur die Wetgewende Raad van Owambo aangeneem is, gemagtig sou gewees het indien daardie wetsontwerp op die datum van die betrokke onttrekking regskrag gehad het.

*Kort titel en inwerkingtreding*

2. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op Onttrekkings uit die Owambo-inkomstefonds, 1978, en word geag op 1 Augustus 1978 in werking te getree het.

Revenue Fund of Owambo in respect of the financial year which commenced on 1 April 1978 without an appropriation made by law as contemplated in the said section 17L, until such an appropriation has been made but in any event not after 30 November 1978.

(2) No moneys shall be withdrawn from the said Revenue Fund under subsection (1) unless the withdrawal would have been authorized in terms of the appropriations contemplated in the appropriation bill passed by the Legislative Council of Owambo on 3 May 1978 in respect of the said financial year, if that bill had had the force of law on the date of the withdrawal in question.

*Short title and commencement*

2. This Proclamation shall be called the Owambo Revenue Fund Withdrawals Proclamation, 1978, and shall be deemed to have come into operation on 1 August 1978.

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk.
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek.
South West Africa.